

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

## AANKONDIGINGS:

Oomblik van stilte, ingelei deur die klok wat lui.

## TOETREDE:

Wees genadig, Heer, spreek my vry. O Heer, spreek my vry. Neem my aan, o Heer, maak my vry. O Heer, maak my vry. Leer my bid, o Heer, meer en meer. O Heer, meer en meer. Leer my leef, o Heer, tot u eer. O Heer, tot u eer  
~ VONKK 180: 1-4.

## VOTUM:

Die Here sê: Ek is die brood wat lewe gee. Wie na my toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.

## SEËNGROET:

Genade en vrede vir ons van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

## LOFSANG:

Groete God, ons bring U eer, ons aanbid U, Koning, Heer  
~ Gesang 191: 1-3.

GELOOFSBELYDENIS: *Jesus het opgestaan, jy gaan ook opstaan.*

Op 'n dag in die Groot Marico-distrik, onder 'n wildevyeboom, bid 'n ouderling by die graf: *Here, ons staan hier by 'n oop graf, maar dankie dat hierdie oop graf sy engel verloor het omdat daar eens 'n leë graf was.*

In die gedeelte wat ons gaan saamlees verskuif die klem van die verlede na die toekoms – van Christus se opstanding na ons s'n. Daar wag 'n ewige lewe saam met God vir ons. Ons Heer en Verlosser het vir ons die sonde en die dood oorwin.

1 Korintiërs 15: 21-28, 1983

<sup>21</sup>Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. <sup>22</sup>Net

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. <sup>23</sup>Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. <sup>24</sup>Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het. <sup>25</sup>Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. <sup>26</sup>Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. <sup>27</sup>Daar staan immers geskrywe: “Alles het Hy aan Hom onderwerp.” Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is. <sup>28</sup>Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.

SKULDBELYDENIS & GENADE: Gesang 232: 1-2

GEBED:

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

## SKRIFLESING: Eksodus 2: 11-22

<sup>11</sup>Toe Moses al 'n volwasse man was, het hy op 'n keer na sy eie mense toe gegaan en gesien dat hulle dwangarbeid verrig. Hy sien toe hoe een van sy eie mense, 'n Hebreër, deur 'n Egiptenaar geslaan word.

<sup>12</sup>Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap.

<sup>13</sup>Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreëuse manne aan die baklei. “Waarom slaan jy aan jou broer?” vra hy vir die een wat die rusie begin het.

<sup>14</sup>“Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?” vra die ander. “Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?”

Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword.

<sup>15</sup>Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het van hom af weggevlug en in Midian gaan woon.

Terwyl hy daar by 'n put sit, <sup>16</sup>het die sewe dogters van 'n priester van Midian kom water skep om die drinkbakke

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

vol te maak en hulle pa se kleinvee te laat suip. <sup>17</sup>Toe daar veewagters aankom en die dogters wegjaag, het Moses opgestaan en hulle gehelp en hulle kleinvee laat suip.

<sup>18</sup>Met hulle aankoms by hulle pa Reüel het hy gevra: “Hoe het julle dan vandag so gou gekom?” <sup>19</sup>en hulle antwoord: “Daar was 'n Egiptenaar, en hy het ons gehelp teen die veewagters. Boonop het hy vir ons water geskep en die kleinvee laat suip.”

<sup>20</sup>Toe vra die priester vir sy dogters: “Waar is hy? Waarom het julle die man daar laat staan? Gaan nooi hom huis toe om by ons te kom eet.”

<sup>21</sup>Moses het ingewillig om by Reüel te kom woon, en is later met sy dogter Sippóra getroud. <sup>22</sup>Toe sy 'n seuntjie kry, het Moses hom Gersom genoem, “want,” het hy gesê, “ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land.”

## PREEK:

Die geskiedenis van Moses in die mandjie, die tien plae, die uittoeg uit Egipte, droogvoets stap deur die Rooisee, en die volk Israel se omswerwing in die woestyn is 'n stuk

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

aangrypende geskiedenis, wat vertel van 'n Almagtige God en sy verhouding met sy weerbarstige volk.

In hierdie verhaal is daar ook die geskiedenis van Moses. Een van die kenmerke van die Moses vertellings is die klem op sy leierskap en leierskapstyl. In die verlede het ons ook al hieraan aandag gegee, vandag kyk ons vanuit 'n ander hoek.

Eerstens leer ons uit ons teksgedeelte dat God betrokke is by die mens op aarde ~ toe en vandag nog. God het nie die aarde en alles daarop geskape en dit toe net so aan toeval oorgelaat nie. In God se almag is hy altyd en oral teenwoordig.

In daardie tyd gee die magtige farao opdrag dat elke Joodse seuntjie jonger as twee jaar, doodgemaak moet word. Dan gryp die almagtige God in. Hy gebruik mense. Moses se ma en suster vleg 'n mandjie. Hulle maak die mandjie waterdig, plaas Moses daarin en plaas hom op die magtige Nylrivier. Daar tussen die riete en gevaarlike

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

diere oorleef Moses, want God gebruik die farao se dogter in sy groot plan. Die dogter kom bad en vind die Joodse baba seuntjie. Sy maak hom nie dood nie, maar onder neem om hom groot te maak. Moses word 'n prins in die farao se paleis.

Ook behou Moses se ma haar band met haar seun, want God beskik dat sy hierdie baba moet borsvoed en grootmaak. So het Moses later geweet wie sy mense regtig was.

Moses bly vir ongeveer veertig jaar in die farao se paleis. Hy bly nie net daar nie, God gebruik die paleis van die farao om Moses voor te berei vir die groot taak om die volk van God uit gevangenisskap te lei. Moses ontvang die beste skoolopleiding van sy tyd. Moses word ook gevorm en geskool in leierskap en baie ander vaardighede.

Op daardie stadium het die volk geglo dat God nie hulle hulpgeroep hoor nie, maar God was reeds aan die werk

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

~ God het reeds 'n plan in plek gesit. Plaas daarvan dat die volk op God vertrou het hulle meer en meer gekla oor hulle omstandighede: Waar is God? Het hulle gevra.

Ek glo God is net so in en deur 'n gemeente werksaam in die samelewing. God is ook in en deur my en jou werksaam in ons omgewing. Besef ons die almagtige God werk met mense deur mense.

Hier in ons teksgedeelte leer ons dat God intree daar waar mense hande nie meer kan nie. Hy is dikwels lank reeds aan die werk. Hy het 'n uitkoms in die oog. As God ons roep rus hy ons ook op sy eie unieke manier toe vir daardie taak.

Die blote feit dat ek en jy vanmore hier sit is nie maar toevallig nie. God is ook met ons besig. Hy berei ons voor vir die bediening en diens wat daar vir ons in die alledaagse lewe voorlê. God se doel met ons lewens is nie maar net om asem te haal nie, om skool toe te gaan nie, om werk toe te gaan nie, op pensioen te wees nie.



Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

Die feit dat God die hulpgeroep van die volk Israel gehoor het se vir my hy gee om vir die mens in nood. Hy hoor die hulpgeroep van die mens in nood. Hy werk aan 'n uitkoms, maar die uitkoms is dikwels nie wanneer ons dit wil hê nie, die uitkoms is ook dikwels nie soos ons wou hê nie.

Miskien wil God my vandag of môre gebruik om 'n hartseer vriend/vriendin by die skool te troos. Miskien wil God my gebruik om 'n klip uit die pad van 'n kollega te rol. Miskien wil God my skouer gebruik om 'n vriend/vriendin te troos. Miskien wil God my gebruik om my gemeente te ondersteun en versterk.

Staan bietjie stil. Hou op jaag. Dink bietjie na hoe en waar God in jou lewe uitkoms gebring het toe jy dit die minste verwag het. Elkeen van ons het 'n God-storie. Elkeen van ons het 'n Moses-storie.

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

Terug by die teksgedeelte lees ons Moses het gaan kyk hoe dit met sy mense gaan. Op pad sien hy 'n onregverdige geveg tussen 'n Egiptenaar en 'n Jood. Die Jood het geen kans gestaan om die geveg te oorleef nie. In die oorspronklike Hebreeus staan daar hulle het tot die dood toe geveg.

Die Jood was as gevolg van sy werk en omstandighede reeds uitgeput en swak. Die Egiptenaar was sterk, onderlê in die gevegskuns, met heel moontlik 'n wapen tot sy beskikking.

Moses spring in om te help. Gou-gou slaan hy die Egiptenaar dood. Hy skrik en kyk verward rond om te bepaal wie hom gesien het. Hy krap die Egiptenaar se lyk onder die sand toe in 'n poging om sy daad ongedaan te maak. Soms tree ons ook haastig op ... met tragiese gevolge.

Moses (en ons) moes leer dat 'n mens niks vir God kan wegsteek nie. Al dink ons niemand het ons gesien as ons

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

spreekwoordelik ons verkeerde optrede onder die sand wil toekrap nie. God weet alles wat ons dink, doen en sê.

Dink net gou vir oomblik wat dit beteken. Kom ek sê dit weer: Ons kan niks vir God wegsteek nie.

Hierdie ongehoorsame optrede van Moses wys dat hy nog nie gereed is vir God se groot plan nie. 'n Volgende fase in sy ontwikkeling begin as hy na die woestyn toe vlug en daar vir 'n verdere veertig jaar deur God gevorm word.

Ja, jy het reg gehoor. As Moses terugkeer om die volk uit die land van die Egiptenare te gaan lei is hy 80 jaar oud. God het begin met sy voorbereiding 80 jaar voor daardie oomblik toe hy maar net 'n pap babaseuntjie in 'n biesie mandjie was. Dalk is ons net eenvoudig te haastig met God se plan.

Amen.

Tekste: 1 Korintiërs 15: 21-28, 1983.

Fokus teks: Eksodus 2: 11-22, 1983.

Liedere: VONKK 180: 1-4; Gesang 190: 1-3; Gesang 232: 1-2; Gesang 518; Gesang 314.

---

## SLOTSANG:

Met 'n mens se geestelike reis na binne kan dit soms alleen voel. Kan 'n mens soms aan God se bestaan twyfel. Dit is dan wanneer jy moet glo dat die Here met jou saamloop; dat sy Gees oral met jou sal gaan ~ Gesang 518.

## SEËNBEDE:

Mag die Here ons God by ons wees soos Hy by ons voorvaders was. Mag Hy ons nooit verlaat of laat vaar nie. Mag Hy ons gewillig maak om altyd volgens sy wil te leef en ons te hou aan sy gebooië, sy voorskrifte en sy bepalings.

## WEGSENDING:

Gesang 314 ~ Amen